# SAHARA AVONTUUR REEKS

## 35. Die Raaisel van Aber-el-Mir



MEIRING FOUCHE

# DIE RAAISEL VAN ABER-EL-MIR

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

en

proeflees en redigering deur
**PIETER HAASBROEK**

*Gepubliseer deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2025

**DIE RAAISEL VAN ABER-EL-MIR**

Die voorblad illustrasie vir die Sahara Avontuur Reeks is deur AI-sagteware gegenereer, wat die narratief verryk. Hierdie boek word vir die eerste keer in Afrikaans in e-boek formaat vrygestel.

Die kopiereg vir hierdie storie is voorbehou en mag nie in geheel of gedeeltelik herdruk of versprei word sonder die uitgewer se skriftelike toestemming nie. Herdrukking sluit enige elektroniese of meganiese vorm in, soos e-boeke, fotokopiëring, skryf, opname op band, of enige ander manier om inligting te stoor of toegang daartoe te verkry. Alle karakters en gebeurtenisse in hierdie storie is suiwer fiktief en het geen verbintenis met enige lewende of oorlede individue nie.

DIE RAAISEL VAN ABER-EL-MIR

Gepubliseer deur:
Skatkis Boeke - Publiseerders, Strand Mews, Strand 7140
Suid Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2025)
Aanlyn Stoor: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

## OPSOMMING

Die Franse Lugmag ontdek ’n onverklaarbare verskynsel in die Sahara. By Aber-el-Mir het 280 soldate van die Vreemdelegioen, ’n afgeleë plek naby die Atlasgebergtes, spoorloos verdwyn. Kolonel Duval ontbied dadelik vir kaptein D’Arlan na Algiers om die raaisel te ondersoek. D’Arlan, bekend as die “Houdini van die Sahara” vir sy uitsonderlike vindingrykheid en vernuf, word gevra om hierdie gevaarlike sending vrywillig aan te pak. Die belange is hoog en die prestige van die Vreemdelegioen is op die spel. Die lot van die vermiste soldate is onseker, want daar is geen teken van ’n geveg of enige ander duidelike aanduiding van wat met hulle gebeur het nie.

Teuns Stegmann, ’n dapper Suid-Afrikaner en uitnemende soldaat in die Legioen, speel ’n groot rol in die gebeure. Hy ondersteun D’Arlan asook vyf ander getroue manne, naamlik Fritz Mundt, Podolski, Ritchie, Petacci en Van Leeuwen. Terwyl D’Arlan probeer om die waarheid uit die woordlose Sahara te ontrafel, ontdek hy sekere leidrade wat hom en sy span op ’n verraderlike pad lei. Maar die vrede is misleidend en daar is ’n konstante bedreiging van gevaar en verraad.

Deur vindingrykheid en dapperheid baan Teuns en D’Arlan ’n pad deur ’n web van raaisels. Hulle ondersoek die verlate kamp en ontdek dat die manne nie bloot net gedros het nie. Gou word hulle verplig om hul eie veiligheid in ag te neem as gevolg van veranderende omstandighede. Teuns vind belangrike leidrade, van perde mis in die woestyn tot ’n geheimsinnige boodskap op ’n Franse vlag. Uiteindelik word hy gedwing om ’n gevaarlike plan uit te voer om D’Arlan te red van ’n gewisse dood, ’n plan wat die diepste geheime van die Sahara kan ontbloot. Watter waarheid sal D’Arlan en Teuns ontdek wanneer hulle uiteindelik die onverklaarbare kragte konfronteer wat agter die verdwyning van die manne van Aber-el-Mir skuil?

## UITTREKSEL

Toe Akbar Moellah omdraai, sien hy heel eerste ŉ lang Arabier met ŉ donkerige bril op sy oë.

Toe sien hy die koeëlronde bek van ŉ rewolwer. En toe hoor hy weer die stem. "As jy ŉ geluid maak, dan sterf jy, Moellah. Ek is nie ŉ Arabier nie. Ek is die vermiste *legionnaire*. Kom saam met my." Moellah sien hoe die lang vinger vir hom wink. Hy is oor sy eerste skok heen. Dit word vir hom ŉ grap. Hy lig sy gesette liggaam uit die kussings op en kom na Teuns toe gestap met ŉ glimlag op sy gesig.

"Neem jy my op ŉ interessante reis, *Legionnaire*?" vra Moellah.

Teuns beduie vir hom om hom te haas. Hy lig die tentseil en hy gly saam met Moellah onderdeur. En toe hulle agter die tent staan, sê Moellah. "Is jy van jou kop af, *Legionnaire*? Daar is talle wagte by hierdie tent. Wil jy hê..."

Maar Moellah kry sy vraag nie klaar nie, want soos blits slaan Teuns hom met die balk van sy hand oor die gorrel en nog voordat Moellah val, gryp die lang Suid-Afrikaner hom vas, slinger hom oor sy skouer en toe twee wagte weerskante om die tent teruggestap kom van voor af waar hulle gaan draai het, is alles stil.

Teuns het met sy swaar vrag agter ŉ boom ingeglip. Toe kies hy die donker en verdwyn.

# 35. DIE RAAISEL VAN ABEL-EL-MIR

## Hoofstuk 1

### HULLE HET VERDWYN

Deur die droë warm lug van die Sahara, nie ver van die Atlasgebergtes af nie, swaai die verkenningsvliegtuig van die Franse lugmag die vierde maal omlaag oor dieselfde plek en kom storm oor die sand heen. Die loods lê skuins soos hy uitkyk. Daar is ŉ diep frons tussen sy oë. Wat hy daar sien, kan hy nie glo nie. Dit is die merkwaardigste toneel wat hy nog in sy hele loopbaan teëgekom het.

Toe hy weer in die lug opskiet, twyfel hy. Sal hy nog ŉ maal duik en kyk wat gaande is? Maar hy besluit daarteen. Hy besef nou dat dit nodeloos is. Wat daar te sien is, dit het hy gesien en hy hou nie daarvan nie. Dit is so ŉ buitengewone toneel dat hy wonder of hulle hom in Algiers sal glo.

Soos ŉ blink voël klim die spuitvliegtuig in die leë blou ruimte in en toe snel dit reguit na Algiers.

Die jong loods gaan daar neerstryk, haas hom na die hoofkwartier van die Franse Vreemdelegioen en hy word dadelik toegelaat in die kantoor van kolonel Jean Duval, hoof van die geheime diens van die Vreemdelegioen.

Die vlieër kom die indrukwekkende kantoor binne, salueer styf en klap sy hakke vlak voor die lessenaar van kolonel Duval.

“Wat het jy gesien?” vra die gryserige kolonel. “Vertel my in volle besonderhede.”

Die loods vertel alles wat hy gesien het, tot in die fynste besonderhede. Hy vertel dat hy tot vier, vyf maal oor die plek gedraai het waarheen Duval hom gestuur het.

Namate die verhaal ontplooi, styg die spanning in kolonel Jean Duval.

Sy hande rus stil op die lessenaar en net ŉ beduidenis van sweet verskyn op sy voorkop. Sweet nie net as gevolg van die hitte nie, maar sweet as gevolg van skok en verbasing. Sy bruin gesig het liggies bleek geword, sy oë is vasgevang in verbystering.

“Ek dank jou, *mon ami*,” sê die kolonel nadat die loods volledig gerapporteer het oor wat hy gesien het in daardie afgeleë kolletjie van die Sahara woestyn.

“Dit sal al wees,” sê kolonel Jean Duval. En toe die loods nog skaars weer gesalueer, in sy spore omgedraai en uitgestap het, ontbied Duval sy ordonnans.

“Sê die marconis moet onmiddellik hier kom. Ek het ŉ dringende boodskap,” beveel Duval.

Oomblikke daarna dikteer hy die volgende radioboodskap aan die marconis van die hoofkwartier.

Aan Le Clerq, bevelvoerder, Dini Salam, verlang dringende onderhoud met D’Arlan. Stuur vandag nog vliegtuig na Dini Salam. Dringend. Duval, Kolonel.

“Maak dit ŉ voorkeurberig,” sê Duval vir die marconis wat hulle daarmee na die radiokamer haas.

Toe leun Duval ŉ oomblik terug in sy draaistoel, swaai ingedagte daarmee, vee die sweet uit die hoeke van sy oë weg en toe staan hy op en stap stadig na die groot muurkaart van die suidwestelike Sahara en die gebied van die Atlasgebergte.

Hy kyk na ŉ klein plekkie op die landkaart, kyk lank en ingedagte daarna. Toe skud hy sy kop stadig soos ŉ man wat iets sien maar nie kan verstaan nie.

“Dit is absoluut onmoontlik,” sê kolonel Duval tot homself. Toe stap hy terug na sy lessenaar, neem sy pet en sy offisiersstaf op en haas hom na die kantoor van die bevelvoerder van die Franse Vreemdelegioen om

te gaan verslag doen oor een van die sonderlingste gebeurtenisse waarmee hy in sy lang militêre loopbaan te doen gehad het.

En daar in Dini Salam, die suidelikste voorpos van die Vreemdelegioen, ontbied kolonel Le Clerq vir kaptein D'Arlan en oorhandig hom die dringende boodskap van Duval.

"Wat sou nou weer aan die gang wees?" vra D'Arlan.

"Die hemel weet," antwoord Le Clerq. "Dit moet iets groot wees, *mon ami*, of so nie, sou hulle jou nie so dringend ontbied het nie."

"Maar waarom nou juis vir my?" vra D'Arlan beskeie.

Le Clerq kyk skeef na hom. "Jy behoort te weet waarom hulle jou laat kom, *mon Capitaine*. Jy is per slot van rekening die bekwaamste kaptein in die Sahara. Jy is die slimste, jy het die meeste ondervinding, jy is die vindingrykste, en jy is die dapperste. Is dit dan om dowe neute dat jy bekend is as die Houdini van die Sahara?"

Le Clerq sê dit effens spottend en tog ook met erns daarby, omdat dit so volkome waar is.

"Dankie vir al die komplimente, *mon Colonel*," sê D'Arlan en as hy nie so 'n geharde vegter was nie, sou daar seker 'n blos op sy bruin gesig verskyn het. "Het jy geen idee van wat dit kan wees nie?" vra D'Arlan.

"Nie die vaagste benul nie," antwoord Le Clerq. "Maar soos ek sê, dit moet iets groot en belangriks wees, anders sal Duval nie 'n vliegtuig stuur om jou te haal nie."

"Ek wonder," sê D'Arlan nadenkend," of daar dan weer iets onder die Arabiere los is."

"Dit kan ek skaars glo," sê Le Clerq. "Volgens die jongste berigte van ons patrollies skyn die Arabiere so rustig te wees as wat maar moontlik is. Maar daar moet weer 'n slang in die gras wees, anders sou ons nie hierdie noodoproep van Duval gekry het nie. In elk geval, *mon ami*, gaan poets jou stewels, maak blink jou gespes en laat jou hare kap, want

hulle sal seker ŉ vinnige vliegtuig stuur en daar is nie vir jou veel tyd nie. Gaan maak jou gereed, *Capitaine*, en laat my weet sodra jy gehoor het wat gaande is. Ek brand behoorlik van nuuskierigheid. Ek wonder... ek wonder watter geheim die Sahara hierdie keer weer aan ons bekend gaan maak, D'Arlan. En ek hoop net Duval gaan jou nie op ŉ onmoontlike sending stuur nie."

"Ons sal sien, *mon Colonel*," sê D'Arlan en hy bewe innerlik van opgewondenheid. Hy besef ook dat iets baie buitengewoons hier aan die gang moet wees, want die opperbevel in Algiers stuur nie ligtelik ŉ vliegtuig om ŉ kaptein hier onder in die Sahara te kom haal nie.

D'Arlan salueer en stap na die deur. Daar bring Le Clerq se skertsende stem hom tot staan. "Miskien," sê Le Clerq," ontbied hulle jou om jou ŉ hoër rang te gee. Wie weet, *mon ami*, dalk wil hulle van jou ŉ kolonel maak!"

D'Arlan glimlag en sy sedige, aantreklike donker gesig verkreukel daarvan. Sy diep blou oë tintel ŉ oomblik. "Daarvoor is daar nie gevaar nie, *mon Colonel*," sê D'Arlan. "Ons het al glad te veel kolonels in die Sahara."

Le Clerq bars hartlik uit van die lag, want hy weet dat daardie stekie van die voortreflike en aangename D'Arlan eintlik vir hom bedoel is.

Nog daardie selfde aand kort voor sononder stryk D'Arlan in die spuitvliegtuig in Algiers neer. ŉ Spesiale vinnige vliegtuig het hom in Dini Salam kom haal. Die loods het nie eens uitgeklim nie. D'Arlan het net ingeklim. Hulle het onmiddellik opgestyg en D'Arlan het ŉ eienaardige gevoel gehad toe hulle oor die ou woestynvesting wegskiet en hy afkyk na die bekende vierkant, na die vlag van Frankryk wat so stadig aan die vlagpaal swaai, na die wagte op die borswering en na die nuuskierige legioenmanne wat in die vierkant vergader het.

Toe die vliegtuig grondvat, en toe D'Arlan uitstap, is ŉ luitenant by om hom te kom haal. Hulle vertrek onmiddellik per motor na die hoofkwartier en toe hulle by die kantoor in die hoofkwartiergebou

aankom, brand die ligte reeds. D'Arlan word onmiddellik na binne geneem en toe hy op die drumpel verskyn, hyg hy na sy asem. Nog selde het hy soveel offisiere van die Franse Vreemdelegioen saam gesien. Soveel grootkoppe.

Hy tree die vertrek binne en net binne die deur spring hy styf op aandag en salueer die klein donker, intense man wat agter die groot lessenaar sit.

"*Entrez*, D'Arlan," sê die klein donker mannetjie wat klaarblyklik ŉ senior generaal is. D'Arlan word net aan twee persone voorgestel, aan die man agter die lessenaar. Hy is generaal Raval, opperbevelvoerder van die Franse Vreemdelegioen. En aan die groot breedgeskouerde ligte man, kolonel Duval, hoof van die geheime diens van die Franse Vreemdelegioen. Dit val D'Arlan op hoe eenders die twee manne se name is, Raval en Duval, en tog is hulle so verskillend as wat twee mense kan wees. Raval se donker oë glinster intens, maar Duval lyk kalm en so seker van homself.

"Kom sit, D'Arlan," nooi Raval met ŉ ligte swaai van die hand. D'Arlan kom sit en kolonel Duval kom hier langs hom plek neem. Die ander paar offisiere bly in die agtergrond.

"Kaptein D'Arlan," sê Raval en kyk deurdringend na die kaptein," ek het jou hierheen laat ontbied omdat iets besonder merkwaardig plaasgevind het, iets wat ons glad nie kan ontsyfer of kleinkry nie. Kom kyk hier, *Capitaine*."

Raval, Duval en D'Arlan beweeg na die muurkaart. Met sy smal wysvinger toon generaal Raval ŉ plekkie aan op die landkaart. ŉ Plekkie met die naam van Aber-el-Mir.

"Het jy al van hierdie plek gehoor, *mon Capitaine*?" vra Raval.

"Ek kan nie sê dat ek al daarvan gehoor het nie, Generaal," antwoord D'Arlan.

Raval glimlag droogweg. "Ek neem jou nie kwalik nie, *mon ami*," sê

hy meer gemoedelik. “Ek self het nog nooit in my lewe daarvan gehoor nie.” Hy ruk ’n potlood uit en byna driftig trek hy ’n groot swart kring om die plekkie met die naam Aber-el-Mir.

“Hierdie plek het skielik vir ons betekenis gekry, *mon Capitaine*,” sê Raval. “’n Baie onheilspellende en onverklaarbare betekenis. Jy sien, *mon Capitaine*, daar het so pas tweehonderd-en-tagtig man van die Franse Vreemdelegioen by Aber-el-Mir spoorloos verdwyn!”

“Verdwyn?” weerklink die woord uit D’Arlan en hy voel hoe sy hart in hom ruk.

“Presies, *mon Capitaine*. Verdwyn. Tweehonderd-en-tagtig man, skoonveld, spoorloos, sonder dat ’n haan ooit weer na hulle gekraai het. Verdamp, verdwyn in die dun lug soos mis voor die son.”

Raval doen die bekendmaking met eienaardige klem op sy woorde. “Dit is ’n fantasie, *mon Capitaine*,” sê hy. “Heel moontlik ’n bloedige fantasie. Van hierdie tweehonderd-en-tagtig man kry ons geen taal of tyding nie. Dit is asof hulle van die aarde af weggeveeg is.”

Raval kyk weer een maal na Aber-el-Mir. Toe draai hy byna ergerlik om, haas hom terug na sy stoel. D’Arlan en Duval volg hom en nadat hulle kom sit het, sê Raval vir Duval. “Vertel jy die verhaal van Aber-el-Mir, *mon Colonel*.”

Kolonel Duval val met die deur in die huis. “*Mon Capitaine*,” sê hy vir D’Arlan,” in die omgewing van Aber-el-Mir was daar die afgelope tyd tweehonderd-en-tagtig man van die Franse Vreemdelegioen onder ’n kaptein Schwemmer. Dit is manne van die misdadigerskolonne. Hulle was besig om voor die Atlasgebergtes af ’n pad te maak na die suide. Dit is ’n strategiese pad wat verband het met ons oliebronne in die Sahara.

“Ons het nie baie gereeld kontak gehou met Schwemmer nie, maar toe ons weer eergister per radio met die kolonne in aanraking probeer kom, kry ons geen antwoord nie. Dit was vir ons ’n bietjie buitengewoon dat

hulle nie met ons in verbinding getree het nie. Ons het herhaalde male probeer om radiokontak te verkry, maar vergeefs. Vanoggend vroeg het ek ŉ verkenningsloods van die Franse lugmag gevra om ondersoek te gaan instel. Hy het met ŉ vreemde verhaal teruggekom. Daar is nie ŉ spoor of ŉ teken van ŉ enkele man van daardie kolonne nie."

Dit voel vir D'Arlan asof sy kop groot word. Tweehonderd-en-tagtig man! Tweehonderd-en-tagtig man verdwyn nie sommer spoorloos in die ruimtes van die Sahara nie.

"Kan dit wees dat hulle gedros het, *mon Colonel*?" vra D'Arlan.

"Dit is skaars moontlik," antwoord Duval. "Ons kan dit nie aanneem nie. Hierdie manne is wel misdadigers wat in die strafkolonne aangehou word, maar hulle staan onder strenge dissipline en daar is ŉ hele aantal offisiere. As hul gedros het, sou ons dit op die een of ander wyse reeds uitgevind het. Daardie gebied is byna volkome waterloos. Die afstand van Aber-el-Mir na die volgende oase is so groot dat manne te voet baie onwaarskynlik sal deurkom. Hulle het natuurlik watervoorrade in hul kamp, maar dit word dag en nag ten strengste bewaak."

Generaal Raval se stem kom skerp deur die stilte. "Nee, D'Arlan," sê hy. "Ek dink die idee dat hulle gedros het, kan jy maar uit jou kop stel. Daar het iets anders gebeur, daarvan is ek oortuig."

"Is daar miskien iets anders wat jy aan die hand kan doen, kaptein D'Arlan?" vra Duval.

"As hulle nie gedros het nie, *mon Colonel*," sê D'Arlan," dan kan daar net een ander uitleg wees, Arabiere."

"Maar daar is geen teken van ŉ geveg nie," sê Duval. "Die loods deel my mee dat hy nie ŉ enkele lyk gesien het nie. Daar is geen teken van ŉ geveg nie. Die manne het net eenvoudig verdwyn. Spoorloos verdwyn. As daar ŉ geveg was, as hulle met die Arabiere slaags was, moes daar tog lyke gewees het. Ek is seker dat daar dan tog ŉ perd of wat dood sou gelê het. Maar daar is niks nie. Die kamp staan nog net